

Saterdag 18 September

Skrifgedeelte: Filemon:8-12

Fokusgedeelte: Filemon:11

Nuttig en nie meer nutteloos nie

Die naam Onesimus beteken iets soos *nuttig* of *voordelig* of *bruikbaar*. In vers 11 kry ons 'n woordspeling met die naam van Onesimus. Vroeër was hy 'n nuttelose Onesimus, 'n nuttelose "Nuttig". Nou is hy 'n nuttige "Nuttig". Nou pas sy naam by hom.

Onesimus se wegloop uit die huis van Filemon het hom nie as slaaf vrygemaak nie. Dit was die evangelie wat hy gehoor het deur die diens van Paulus wat vir hom vryheid gebring het. Uit die evangelie kon hy hoor dat alle mense in kettings is; dat niemand goed doen nie; dat almal nutteloos is en in diens van die sonde; dat niemand God soek nie (Rom. 3:12). Dit is God wat ons soek en wat ons red wat verlore was. Hy breek die sondekettings. Hy stel ons in staat om goed te doen. Hy maak ons nuttig.

God maak ons vry. Egte vryheid vind ons net in Jesus Christus. Daardie vryheid hét Onesimus in God gevind. Toe word hy anders. Van toe af wou hy dien. God het hom vrygemaak om Hom in vryheid te dien. Hy is toe nie meer nutteloos nie, maar baie nuttig. Sy verhouding met God wat herstel is, het die uitwerking gehad dat hy ook wou dat sy verhouding met Filemon herstel moet word. Voortaan kon hy sy werk vir Filemon doen, asof hy dit vir die Here doen. Hy kon die Here dien in sy diens aan Filemon.

Wanneer Jesus jou verlos, maak hy jou vry van jou verslawing aan die Bose. Hy verander jou van iemand wat nutteloos was tot iemand wat baie nuttig is. Mag ons die werk wat ons doen in ons huwelike, gesinne, werk, skool en kerk sien as niks anders as diens aan die Here nie. Ons moet dit doen asof ons dit vir God doen.

Sing: Psalm 107-1:1, 7, 10

Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)